

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Sondag 32

Wet Inleidend 1

Dr AH Bogaards

Lees: 1 Pet.1:13-2:10

Teks: 1 Pet.2:5,9

H.K.: Sondag 32

Psalms: 119: 1,2; 119:3,4; 5,6; 119:7,8

1. Inleiding.

Verlose mense is dankbare mense. Dit spreek vanself, nie waar nie? Vir so 'n groot geskenk van God, die gawe van sy Seun, *moet* ons Hom dank. Maar die vraag is nou: *hoe* kan ons sondaarmense, ons wat onbekwaam is tot enige goed - hoe kan ons God met ons hele lewe dank bewys? En watter *waarde* het die goeie werke van ons? Kan dit 'n bydrae tot ons verlossing lewer?

In die lig van al hierdie vrae wil ek met u stilstaan by ons GOEIE WERKE. En dan let ons op:

1. die HOE van ons goeie werke;
2. die DOEL (waarde) van ons goeie werke; en
3. die NOODSAAK van ons goeie werke.

2.1. die HOE van ons goeie werke.

Soms word dit so voorgestel as sou ons in die verlossing, die tweede deel van die Heidelbergse, te make het met ***God se werk***. Immers, Hy verlos ons deur die dood van sy Seun. Hier egter, by die dankbaarheidswerke, - so meen vele- hier het ons te make met ***die mens se werke***. In die verlossing was God aktief, maar in die dankbaarheid moet ons oorgaan tot aksie. Nou moet ons aan die werk spring en iets doen.

Deur hierdie opvatting trek Christus self 'n streep, wanneer Hy sê: "...sonder my kan julle niks doen nie (Joh.15:5)". Dit geld ook van ons dankbaarheidswerke.

Ons moet die Kategismus goed begryp. Dit *verlossingswerk van Christus word nie beperk tot hoofstuk 2*, die deel oor die verlossing, nie. Maar Hy brei die vleuels van sy reddende handeling ook uit oor hoofstuk 1 (ellende) en hoofstuk 3 (dankbaarheid).

Kyk maar na die deel oor die ellende. Ons was dood in ons sonde en blind vir ons ongeregthede. En ewe min as wat 'n dooie uit eie krag uit sy graf kan opstaan, net so min kan 'n blinde vanself weer begin sien. Dit is God se werk. Hy moet ons blinde oog verlig en ons siende maak vir ons sondigheid en doemwaardigheid. En dit doen Hy deur die krag van sy Woord. Hy konfronteer ons met sy Wet en deur sy Gees oortuig Hy ons dat ons skuldenaars is en dat ons die Geneesheer, ons Here Jesus, nodig het.

Maar nie alleen in deel 1 en deel 2, in ons ellende en in ons verlossing, is ons Heiland reddend aan die werk nie. Ook in ons dankbaarheid is **Hy** aktief. Ellendekennis is **genade**, verlossing is **genade**, maar ook dankbaarheid is **genade**. Dit is alleen danksy God se genade in Christus dat ons dankbaar kan wees.

In hierdie trant en gees begin die Heidelbergse Kategismus ook sy eerste antwoord oor die dankbaarheid: Hy spring **nie** weg met **die mens** en wat **die mens moet doen** nie. Hy begin met **Christus**: Christus **vernuwe ons tot sy ewebeeld**. Dit het gebeur aan die kruis en met sy opstanding. Aan die kruis het die **ou mens** (= die **ondankbare sondeslaaf**) gesterf en met sy opstanding het ons saam opgestaan as **nuwe mense** (= **dankbare mense onder die genadeheerskappy van Christus**).

In Efesiërs 4:20-24 en in Kolossense 3:9-10 word die verband gelê tussen die aflê (letterlik: uittrek) van die ou mens en die aantrek van die nuwe mens, die beeld van God: "... julle het die oue mens met sy werke afgelê en julle het jul met die nuwe mens bekleed, wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper". Romeine 6 laat ons sien waar die ou mens gesterf het: aan die kruis; ook hoe ons vernuwe word: in Christus. Deur die kruis en die opstanding van Christus is die gelowige herskep na Christus se ewebeeld. **Die kruis is die sterfbed van ons ou mens en die opstanding is die geboortebed van ons nuwe mens**. Dan is ons weer beeld van God – deur die heilswerk van Christus.

Hierdie herskepping doen Christus deur sy Gees en Woord. Christus vernuwe ons **deur sy Heilige Gees**. Die Heilige Gees is die **Toepasser** van die werk van Christus. Deur die

Heilige Gees word ons ingeplant in die Woord, in Christus, in sy heilswerk. Die Gees se werk staan nie los van die werk van Christus nie. Dan word ons nuwe mense, wat weer beelddraers van God is.

Skeppingswerk, herskeppingswerk - dit is ***godelike werk***. Net God kan skep. Net God kan uit niks iets maak. Net God kan dooie harte lewend maak. Net God kan ons tot sy ewebeeld maak. Net God kan ons dankbare mense, d.w.s. beelddraers van God, maak. Soos dit daar aan die begin net God se werk was om die mens te maak na sy beeld, so is dit vandag ook net sy werk om ons te herskep na sy ewebeeld.

Ek het u al meermale gesê: ons troos is God. Hy is ons troos in ons sonde-ellende, want Hy verlos ons en Hy alleen. En ook hier weer, hier by ons dankbaarheid: ook hier word ons nie op onself teruggewerp nie, maar ook hier word ons gewys op ons enige troos: op wat God in Christus deur sy Heilige Gees doen. Ook t.o.v. ons dankbaarheid moet ons dus uit hierdie troosbron lewe. Dan kan en sal ons dankbaar wees.

Ons kom by die tweede:

2.2. die DOEL van ons goeie werke.

Waarom moet ons goeie werke doen? Wat is die ***waarde***, die betekenis van ons goeie daade?

- Maar ***eers*** moet ek vir u sê wat die **DOEL NIE** is nie: ons doen nie goeie werke om daardeur 'n bydrae tot ons eie saligheid te lewer nie.

Deur so 'n gedagte trek die Kategismus reeds in Vraag 86 'n drie-dubbele streep, wanneer hy bely: ons word sonder enige verdienste van ons kant **alleen uit genade** deur Christus uit ons ellende verlos.

Ons moet in Antwoord 86 ook die **verband** raaksien tussen die werk van Christus en sy Gees **enersyds** en ons dankbaarheidswerke **andersyds**. Hoor maar hoe staan dit daar: Christus vernuwe ons deur sy Gees SODAT – SODAT ons as gevolg daarvan, deur sy vernuwende werking God met ons hele lewe dank bewys. Ons goeie werke is die vrug, dit is die resultaat van die heilswerk van Christus en sy Gees. Eers as die Heilige Gees ons

uit die onvrugbare grond van ons sondebestaan oorplant in die vrugbare grond van die verlossingswerk van Christus, dra ons vrugte.

- Maar wat is dan **WEL** die **DOEL** van ons goeie werke. Die Kategismus noem drie dinge: eerstens dien ons goeie werke om God te dank en te loof; tweedens versterk dit ons geloofssekerheid; en derdens win dit ons naaste vir God.

1. Ons moet *eerstens* goeie werke doen om God daarmee ***te dank en te prys***

In die verband verwys ons Kategismus ons onder andere na 1 Petrus 2:5 en 9.

Daar beskryf Petrus die kerk met die beeld van 'n gebou, 'n tempel. Hierdie tempel bestaan egter nie uit gewone stene nie, maar uit mense.

Hierdie huis word voorts in vers 5 beskryf as '***n geestelike huis***, dit wil sê 'n huis wat ***beheers word deur die Gees van Christus***.

En - kenmerkend van 'n tempel - hoor ons nou ook van ***priesters en offers***. Die gelowiges is nie net stene nie, maar ook priesters wat offers bring vir die Koning van die tempel.

Geestelike offers noem Petrus dit. Dit is offers beheers deur en bewerk deur die Heilige Gees. Anders gestel: eers wanneer ons ons deur die Gees van Christus laat lei na die lewende Steen, na Christus toe, dan word ons self ook lewende stene. Dan begin ons leef vir God en leef vir ons naaste. Die Gees maak ons tot priesters wat geestelike offers bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus, deur sy kruisoffer en sy opstanding.

Wat behels hierdie geestelike offers dan presies? Die antwoord is nie moeilik nie. Ons kan vers 9 as 'n kommentaar op vers 5 beskou. Daar hoor ons wat ons priesterlike taak is: ons is geroep as priesters "om te verkondig die deugde van Hom" wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderlike lig. Daarin word die Here bo alles verheerlik: wanneer ons mense vertel van die Verlosser.

Ons lewe as gelowiges is 'n prediking tot ander. En dan nie alleen in woorde nie. Ons preek ook in ons daade. In Romeine 12 sê Paulus naamlik: stel julle liggame as 'n lewende offer. In die vervolg spel hy ook uit wat hy daarmee bedoel: ons offer ons liggame as lewende offers vir die Here, wanneer ons lief is vir mekaar, wanneer ons as kerk ons eenheid uitleef.

2. Die *tweede* rede waarom ons goeie werke moet doen is: dat ons daaruit ***geloofsekerheid*** verkry.

Natuurlik, die grondslag van ons ewige behoud, ons sekerheid dat ons die ewige lewe het, is ons geloof in Jesus Christus. Daarom moet ek myself voortdurend afvra: glo ek in Hom? En as u dit kan sê, dan mag u weet dat u salig is. Maar dit is ook so dat ons goeie werke die egtheid van daardie geloof bevestig. Want vele sê wel dat hulle glo, maar in hulle hele lewe sien jy geen vrugte nie. So 'n geloof, sê Jakobus, so 'n geloof kan ons nie red nie. En op 'n ander plek sê ons belydenis: so 'n geloof (die ware geloof in Jesus Christus) - dit is ***onmoontlik, onmoontlik*** dat dit nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.

3. As *derde* doel, waarom ons goeie werke moet doen, noem die Heidelbergse: dat ons deur ons godvresende wandel ook ***ons naaste vir Christus kan win***.

Ons vroom lewenswandel kan ons naaste na die kerk toe lok. Deur ons lewe van liefde moet ons hulle jaloers maak. En wanneer hulle na ons kyk, moet hulle kan sê: maar dit moet heerlik wees om deel te wees van daardie kerk, van daardie Godsgesin. Deur ons goeie werke alleen al kan ons dus evangelisasie doen.

Die teendeel is helaas ook waar: ons liefdeloosheid, ons onderlinge getwis en haat, ons gebrek aan vergewensgesindheid...dit stoot mense af. 'n Mens hoor dit dat Mohammedane sê: hoekom sal ek 'n Christen word? Want kyk hoe leef julle. En: as dit is hoe 'n Christen lyk, wil ek liever nie een wees nie.

Maar ons kom by die laaste hoofpunt:

2.3. die NOODSAAK van goeie werke.

Dit is noodsaaklik dat dit daar moet wees in ons lewens. Op hierdie noot begin ons Kategismus ook: waarom ***moet*** ons goeie werke doen...?

Dit is seer sekerlik waar dat ons goeie werke nie 'n bydrae lewer tot ons verlossing nie. Tog eis God dit van ons en op elke bladsy van die Bybel roep Hy ons op om gehoorsaam te wees aan sy gebooi.

Heel dikwels hoor jy die beskuldiging: julle Gereformeerdes maak wel baie van die verlossing en die genade en van Christus, maar die dade ontbreek! En is dit nie baie waar nie? Waar is ons liefde en ons ywer vir God en vir sy kerk? Of redeneer ons ook: Christus het alles gedoen, nou hoef ek niks meer te doen nie.

Wie so redeneer, vergeet: Christus verlos ons nie net van die toorn van God nie, maar Hy vernuwe ons ook na sy ewebeeld, sodat ons weer begin om God te dien en om ons naaste lief te hê. As Hy dus werklik werksaam is in ons lewe, dan moet die goeie werke noodwendig daar wees. Dit kan net nie anders nie. Dit is noodsaaklik.

En hierdie dringende noodsaak onderstreep die leermeester van Heidelberg ook in sy laaste vraag, wanneer hy beklemtoon: wie in 'n goddelose en ondankbare lewe volhard, hulle sal die koninkryk van God nie beërwe nie.

3. Slot.

As u onder die indruk is van wat Christus vir u gedoen het, sal u ryklik vrugte dra. Deur die krag van Christus, wat deur sy Gees in u werk, sal u dankbaarheidswerke voortbring. Ook hier weer wys die belydenis u op u enige troos: op God Drie-enig. Gaan daarom na Hom toe, na sy Woord toe...dan sal u ook dankbaar leef.

AMEN.